

Die donker leerskool van die lewe

Madelaine van Heerden



Die duisende sterre, wat blink oor die Karoonagte waak, het my nog altyd bekoor. In my vryersdae, was hulle dikwels die enigste ligpunte langs 'n stil stofpad wat na Dombietersfontein kronkel.

As ek laat op 'n Vrydagaand by die Volksblad se kantore uitstap en die langpad na die liefde in my blou Gholfie aandurf, was hulle my bakens van gemoedsrus langs 'n eensame pad. Hoe donkerder die nag – hoe mooier hul prag!

Gewoonlik kla ons oor donkerte. Kyk nou maar net vir Eskom se beurtkrag. Tog het ons as gesin van ons beste tye by kerlig om ons kombuistafel deurgebring. Net verlede naweek het die kinders en hul kuiermaats vir ons konsert gehou toe 'n kragonderbreking klaarspeel met hul televisievermaak. Flitse is ingespan as kolligte op die slaapkamer-verhoog. Hulle het gesing, gedans en grappe vertel. Ons het op die bed gelê en die jongspan toegejuig – wat 'n lekkerte was dit nie.

Dikwels moet dit ook in ons lewens swart raak om rêrig geloof, hoop, oorgawe en ware vriendskap te ervaar. So het siekte en tragedie vir Victoria-Wes en sy mense in 2008 op ons knieë gedwing.

'n Geliefde onderwyser en Merinoboer, Peter Truter, is met kanker gediagnoseer. Vir vriende en familie was dit verpletterende nuus en 'n groot terugslag vir ons skool, waar hy 'n sleutelrol gespeel het. Die siekte vreet 'n man leeg. Hy was vroeër vanjaar 'n halwe mens - maer, met oë vol tranes wat blink by sy wange afrol. Vandag stap hy weer regop in Victoria-Wes se strate en praat oor die dag van more. Hy is 'n "nuwe" mens - gelouter deur sy stryd teen die groot K.

Joshua Bester (3), 'n liefdevolle kind, het in die Lente in 'n boorgat geval wat 70m ver in die aarde strek. Hy het gelukkig net sowat 3m ver in die donker diepte vasgeval. Vriende en vreemdelinge het daardie dag planne gemaak en saamgewerk om die Besters se bondel vreugde te red. Ek en my drie blomme het in ons kombuis hande vasgehou en onbeskaamd gebid dat God hom vir ons sal spaar. Die tranes het vryelik geloop, want hy het die afgelope jaar langs die tennisbane op die dorp deel geword van ons lewens.


God het geluister. Toe Joshua daardie aand ongedeed by die gat uitkom, was dit 'n wonderwerk. Hy het vertel "dit was so

donker soos in 'n krokodil se maag," en hy was teleurgesteld omdat hy geen erdvarke in die gat raakgeloop het nie. Die ervaring was vir hom 'n avontuur - min wetende van die magtelose stryd wat sy ouers op die rand van die boorgat gevoer het. Hierdie knapie is nie deur sy donker ervaring oorweldig nie. Hy het onvoorwaardelik geglo en vertrou, want sy pappa het belowe hulle sal hom uitkry. Dit was 'n nag wat my opnuut bewus gemaak het van ons verganklikheid, God se genade en die krag van gebed.

Sedertdien het my swaer, Willouw van Heerden, onverklaarbaar siek geword. Hy veg al vir maande teen 'n siekte wat meer vrae as antwoorde bring. Dit het hom vir weke in MediClinic se intensiewe sorgeneheid platgetrek. SMS-boodskappe oor sy stryd het soos veldbrande versprei en landswyd het mense begin bid vir sy herstel. Teen einde Oktober was daar 'n deurbraak. Die dokters het hom met "Still's Disease" gediagnoseer. Sy vordering was stadig, maar seker, soveel so dat hy teen middel November na 'n gewone saal oorgeplaas is.

Ons het gedink dit gaan beter. Ons het gerus begin raak...tot 18 November 2008. Dit is vandag. My selfoon biep-biep en ek lees my sms-boodskap: "Willouw word teruggeskuif na intensief." Dit tref jou soos 'n vuishou - diep in die maag. Jy voel opnuut kwesbaar en magteloos omdat die vir wie jy lief is, so swaar kry.

In Willouw se donker geveg tussen lewe en dood, het God vir my en soveel ander op ons knieë gedwing. Hy het ons teruggeruk na die werklikheid: om te lewe is 'n voorreg - en nie 'n reg nie! Ons word hier op aarde maar net vir mekaar geleen. Dis 'n genadegawe om vanoggend uit die bed op te staan, jou kinders teen jou bors vas te druk en met mekaar te kan praat...



"When it is dark enough, you can see the stars..." - Charles Beard

Willouw was op sy 38ste verjaarsdag grootliks alleen in die intensiewe sorgeneheid van 'n hospitaal. Vir weke het hy nie die voorreg gehad om agter sy vrou se rug te slaap, sy kinders vas te hou, braaivleis te eet, in sy bakkie te ry, of met sy broer te praat nie. Hy kon nie praat nie. Min kon sy gebare verstaan.

My skoonsussie het deur hierdie beproewing as mens gegroei. Sy is vandag 'n rots waarteen hierdie donker storm steeds slaan. Lizaan ry al vir maande elke dag hospitaal toe en terug. Haar wye Karoovlaktes moes sy vir besige paaie en stadsmure verruil. Sy kies egter om die sterre in die donkerte te soek. Sy glo onwrikbaar dat God haar man gaan genees. Sy vra elke dag dat ons moet sterk staan en saam met haar lewe oor Willouw moet uitspreek. Sy getuig: "God is in beheer!"

Hoeveel van julle kan vandag terugkyk op jul eie lewenspad en sê: "Ek het van my grootste en mees betekenisvolle lesse in die donkerste tye van my lewe geleer?" Dalk is dit juis die beste leerskool... ■

"Almal sterf, maar nie almal lêwe nie." - Albie Sachs



Vroegoggend op 26 November 2008 het Willouw die stryd teen die misterieuse siekte verloor. Die Merino gemeenskap is geskok deur die verlies aan hierdie uitstekende jong boer wat soveel vir die bedryf beteken het. Ons wens sy naasbestandes vertroosting en berusting toe.



Konsortium-merino teler Christo Erasmus se broer, Lukie, alombemide CMW veldbeampte van Graaff-Reinet, is ook vroeër vanjaar oorlede na 'n lang stryd teen kanker.